

**9 Julie**

**Skrifgedeelte: Job 12 en 13**  
**Fokusgedeelte: Job 13:1-28**

### **Verdediger of ondervraer van God**

“Die grootste aanvegting is om geen aanvegting te hê nie”, het niemand minder nie as die kerkhervormer, Maarten Luther, gesê.

Is daar nie ook vandag goeie, tradisionele “kerkmense” wat, soos Job se drie vriende, dink dat ‘n gelowige eintlik nooit geloofsvrae mag hê nie? Daar is selfs teoloë wat meen dat hulle “God in hulle mag het” (12:6). Hulle dink hulle kan Hom met hul teologiese raamwerke “verklaar”. Hulle gooi elke soeker toe onder standaardantwoorde uit ‘n “kategismus” of “geloofsleer”! Hulle neem die waarom-vrae van geloofsworstelaars soos Job nie ernstig op nie. “Ek is ‘n grap vir my vriende en dít iemand wat tot God roep en van Hom antwoorde kry” (12:4).

Job vra of sy drie vriende dan régtig God se saak wil verdedig. “Wil julle vir Hóm partydig wees?” (13:8). “Julle kernspreuke is spreuke van as” (13:12 OAV). Hy beskou hierdie troosters as kwaksalwers wat leuens praat (13:4). In plaas van sulke beterweterige verdedigers van God verkies Job liever die “waagstuk” om God tot verantwoording te roep. Hy wil aan God sélf sy diepste waarom-vraag voorlê: “Waarom verberg U u aangesig en hou my vir ‘n vyand van Ú?” (13:24 OAV)

Die verborgenheid van die lewende God is Job se diepste aanvegting – en hy wil dit met God self uitveg. En jy en ek...?

*Sing: Psalm 10:1*

*Dr PP Kruger (Meyerspark)*